

Donderdag 6 April

Skrifgedeelte: Romeine 8

Fokusgedeelte: Romeine 8:9

Die stryd tussen ons sondige natuur en die Gees van God

Dit gebeur so maklik dat mense die Christelike vryheid verkeerd verstaan en as gevolg daarvan dan hierdie stryd tussen die sondige natuur en die Gees óf ignoreer óf heeltemal tot 'n hopelose stryd wil vervlak. Vir die liberalis bestaan daar dan geen stryd nie en vir die wettiese is die stryd 'n hopelose een, maar vir die gelowige het daar 'n oorwinning in die stryd deur Jesus Christus plaasgevind.

Op grond van die feit dat God aan ons in en deur die werk van Jesus Christus die oorwinning gegee het oor die sonde en aan ons sy lewendmakende Gees gegee het, kom God nou ook met die oproep tot elkeen van ons: “Die wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Ons lewe deur die Gees, laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.”

Wie is hierdie Gees? Dit is die Heilige Gees. Die heiligmakende krag van God wat God in ons harte uitgestort het. Die heiligheid van die Gees wat in ons woon, moet weerspieël word in die manier waarop ons optree. In die wyse hoe Hy ons gedrag bepaal.

Ons lewe word nou gekenmerk deur die vrug van die Gees: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en self-beheersing.

Sing: Psalm 25:6

Ds. MJ (Thys) Erasmus (Nelspruit)